Mabibi Reis Verslag

25 Maart 2011 – 2 April 2011
Deur Anton Heiberg

Ons wou eers Mozambiek toe in die skool vakansie maar kon nie plek kry wat bekostigbaar is, nie 3 dae se reis weg is nie en nog lekker snorkel plek het. So bietjie gesoek op die internet en kom te hore van Mabibi. Die inligting was maar skraps en ons reken toe dit moet seker een van daai geheime plekke wees wat mense nie vir ander van wil vertel nie. Besprekings is gedoen deur natalie@isibindi.co.za Tel: 035 474 1504

Voorbereidings:
Die hele familie is vooraf uitgerus met duikbrille en snorkels en daar is by die huis in die swembad geoefen sodat die kinders sou reg kom daarmee. Daar is nie elektrisiteit by die kamp nie en die batterye sou nie die yskas 7 dae aan die gang kon hou nie, toe het ons maar ‘n 90W son paneel en reguleerder aangeskaf. Ons het ook ‘n 2.5x2.5m boog tent gekoop met die hoop dat dit beter sal werk as dit dalk reën en mens twee tente het en nie teen die kante hoef te raak in die nag nie.

Daar was op die Overland / Kampvuur forum berigte dat die pad tussen Piet Retief en Pongola kis boude was en dat daar padwerke is met Stop/Ry-Go tekens wat vertragings van tot 2 ure tot gevolg het. Ons het ander roetes ondersoek maak besluit toe om dit maar kalm te vat en die reis in twee te breek, eerder as om ‘n draai te ry en of om die padwerke tussen Ermelo en Volksrust aan te durf.

Vrydag 25 Maart 2011 vertrek ons uit Middelburg. Roete : Middelburg-Carolina-Ermelo-Piet Retief. Die eerste padwerke begin al net ander kant Ermelo en dit vertraag mens nogal erg. Ons ry 3ure 45min aan 215km. Die wolke raak donker net so 30km voor Piet Retief en toe begin dit sous. Tipies Heiberg ‘luck’ meen ons, ons is nog nie eens naby aan kamp nie en dit lyk of dit dae lank gaan reën. In Piet Retief aan gekom gaan soek ons eers ‘n restaurant voor ons by die B&B inboek. Ons probeer ‘n slag iets beter as Wimpy kry maar dit werk nie uit nie en ons moet maar by die Spur ‘n draai maak. Voor ons klaar geëet het gaan die hele dorp se krag uit a.g.v. die swaar weer. Ons slaap oor by Cypress Lodge in Piet Retief. (cypresslodge@pietretief.com). Die plek is heel aangenaam en ons kry twee aparte kamers eerder as die beloofde 3 bed kamer met n matras vir die kinders soos beloof. Die ontbyt was ook heerlik.

Die pad tussen Piet Retief en Pongola is gedaan en op baie plekke is daar klippe op een deel van die pad gepak, die ander deel is kis en dit lyk nie of daar in die volgende maand enige toerusting waarmee paaie gemaak sal kan word daar sal uitkom nie. Ek wonder elke keer hoekom sulke groot gedeeltes afgebaken word en op die oog af gaan daar niks aan nie.

Saterdag 26 Maart 2001. Roete: Piet Retief-Pongola- Hluhlwe-Mbazwana-Mabibi (laaste deel onder langs Lake Sibaya) Ons is nie haastig nie en die 330km neem net onder 7 ure. Dis sluit darem ‘n diesel en middag ete stop in. Die laaste deel langs Lake Sibaya is twee spoor sand en dig toe gegroei. Maar dis die hobbelrigheid wat jou spoed breek eerder as die dik sand.

Mabibi ontvangs

Die res van die week sal ek nie soos ‘n trip report skryf nie. Die ablusie was ouerig en baie basies maar baie skoon en netjies. Ons is by ontvangs gewaarsku om nie die water te drink nie. Die water het ‘n geel/bruin kleur wat ook die toilette en storte vlek maar die locals drink dit sonder enige gevolge. Ons het maar nie die kans gevat nie. Daar is altyd kokende warm water by die storte (lyk my iemand daar verstaan hoe ‘n gas geyser moet werk). Die ablusie het elk net een wasbak maar dit was nooit ‘n probleem nie. Die ablusie is ook redelik ver van al die staanplekke af.



Mabibi het 10 staan plekke en hulle is redelik ver uit mekaar. As jy jou buurman wil sien moet jy hom amper gaan soek. Die staan plekke is almal ruim met genoeg koelte en son. Elke staan plek het ‘n braaier (sonder ‘n rooster) en ‘n kraan.

By ontvangs is ek gevra of ek iemand wou het om in die kamp te werk, eers twee keer nee gesê, maar toe die vrouens self by die kamp opdaag en vra het ek ingestem alhoewel ek nie regtig iemand nodig het nie. Vir R50/dag het Joyce elke oggend 8 uur by ons kamp opgedaag en die tente uitgevee en netjies gemaak, die paar skottelgoedjies gewas, en gekyk dat die son paneel heeltyd in die son is. Daar was blou ape maar nie een van die twee keer wat ons hulle gewaar het was hulle enigsins lastig nie. Ons het nooit deur die dag gesluit nie en alle geld en kosbare besittings is oop gelos, nooit het ons enige voorval gehad nie.

Om by die stand uit te kom moet jy die 138 hout trappe aandurf. Dis ‘n steil entjie en jou kuite kom gou agter dat hulle nie op vakansie is nie. Die

twee vars water storte was ‘n entjie van die bokant van die trappe af.

Die strand is pragtig, skoon en ongerep. As jy meer as 100m van die trappe af gestap het is die kans dat jou voetspore die enigste vir die volgende paar dae in die sand gaan wees goed. Met laagwater is daar heelwat poele om in te snorkel en selfs Zerko (4) kon maklik en veilig snorkel. Selfs met die duur lodge (R2450pppn) daar by die end van die trappe was daar nooit meer as 10 mense op die stand nie, ons 4 ingesloit!

Daar is ook ‘n groot sandduin waarop die kinders gespeel het. Ons het een oggend ‘n skool dolfyne net agter die branders gesien speel en ons het ±30 dolfyne geskat. Wat ‘n belewenis!

Na ‘n paar dae in die son was dit ook tyd om die omgewing bietjie te verken. Ons het uit gery na Rock Tail Bay en na Black Rock. (permit nodig maar is gratis as jy by Mabibi bly) Die “karwag” by Rock Tail Bay het gesê die lodge wat daar moet wees is toe, maar kon nie veel inligting gee nie. Aangesien ons die enigste mense daar was kon ek nie sien waarvoor ‘n karwag nodig sou wees nie en vertrou nie die vrede nie. ‘n Vinnige draai op die strand en ons is op pad Black Rock toe.

Black Rock is ook ‘n baie mooi strand en daar was 3 voertuie gewees. Die asblikke by die parkeer area het egter oorgeloop en die toilette was verwaarloos en vuil tot non-existent. Daar was een of ander riet huise maar dit het verlate gelyk.

Oppad terug besluit ons sommer om piekniek te hou onder ‘n koelte boom in die twee spoor sand paadjie.

Op ‘n hele paar plekke naby Mabibi kan mens langs die twee spoor sand pad ‘n splinternuwe spoor sien waar iemand eerder oor die gebrande gras gery het as om in die nie so dik sand te probeer ry. Dit is ook seker die rede hoekom daar gereeld 3 spore is wat net later weer bymekaar uitkom.

Die kinders het ook die omgewing se gediertes geniet. Ons weer was deurentyd goed en sonnig gewees en net een middag was mislik winderig. Die kinders sien vir die eerste keer dat iemand kite surfing doen en die gogga byt. (Pa het ‘n trainer kite ‘n week later bestel) Ons het malaria pille gedrink gehad, maar het net een keer ‘n muskiet gehoor. Weet nie of daar nie regtig veel muskiete in die omgewing is nie en of die ligte see bries hulle maar weg gehou het nie.

Die pad terug huis toe wou ons nie weer deur al die padwerke ry nie en ons probeer toe ‘n plek kry waar ons dalk nog ‘n nag of twee kan kamp halfpad tuseen die huis en Mabibi. Ons besluit om te gaan kyk hoe Ithala Game Reserve (KNZ Wildlife) lyk. Daar is kamp plek maar net met koue water storte en Setilda is nie lus vir sukkel nie. Die persoon by die ingang hek gee ons verkeerde inligting oor die beskikbare alternatiewe akkommodasie en ons ry verniet die park in om uit te vind dat hulle belaglike pryse vir selfsorg eenhede per nag vra. Met die besluit ons om eerder tot in Vryheid te ry en dan sommer in ‘n B&B oor te slaap.

Ons oornag by Rita’s B&B (tel 034 980 8195). Die aand maak ons sommer van hul braai geriewe gebruik en onduik so nog ‘n vervelige restaurant aand. Ontbyt is weer heel aangenaam.

Tussen Vryheid en Piet Retief is daar weer ‘n klomp padwerke aand die gang en die vertraag mens weer erg. Ons ry 5 ure 20 min aan die 320km huistoe.

.



Die roete met die begin en eind punt van elke Stop/Ry-Go gedeelte met ‘n gemerk

Sal ons weer gaan? As die padwerke klaar is beslis! Dis nou as ons uit nuwe plekke om te ontdek raak